# HANDLEIDING VIR DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

## saamgestel ingevolge afdeling 51 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (soos gewysig)

**SAMESTELLINGSDATUM: 01/24/2023**
**HERSIENINGSDATUM: 04/16/2025**

# INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING........................................................3
2. DOEL VAN HIERDIE HANDLEIDING........................................................3
3. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS........................................................3
4. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VIR DIE TOEGANG TOT INLIGTING VAN CALIX........................................................4
5. GIDS WAT VERDUIDELIK HOE OM DIE WBTO TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE GIDS TE VERKRY........................................................4
6. PROSES EN FOOIE VIR VERSOEKE OM TOEGANG TOT INLIGTING TE VERKRY........................................................5
7. REKORD KATEGORIEË VAN CALIX WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT IEMAND TOEGANG DAARTOE HOEF TE VERSOEK........................................................6
8. REKORDBESKRYWING VAN CALIX WAT INGEVOLGE ANDER WETGEWING BESKIKBAAR IS........................................................7
9. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROP DIE INSTANSIE REKORDS HOU ASOOK DIE KATEGORIEË VAN REKORDS WAT OOR ELKE ONDERWERP VAN CALIX GEHOU WORD........................................................8
10. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING........................................................11
11. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING........................................................14
12. OPDATERING VAN DIE HANDLEIDING........................................................14

1. **INLEIDING**

Calix, Inc. verkoop wolkgebaseerde dienste, sagteware en hardeware aan breëbanddiensverskaffers wêreldwyd. Calix Networks UK Ltd, geïnkorporeer in Engeland en Wallis, is 'n filiaalmaatskappy van Calix Inc. wat werknemers wat in Suid-Afrika woonagtig is in diens neem en ook geregistreer is as 'n eksterne winsgewende maatskappy in Suid-Afrika.

2. **DOEL VAN HIERDIE HANDLEIDING**

Hierdie handleiding is saamgestel ooreenkomstig afdeling 51 van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, die WBTI. Hierdie handleiding verskaf inligting aangaande rekords wat verkry is deur Calix en hoe die inligting in hierdie rekords van Calix aangevra kan word, asook sekere inligting rakende die verwerking van persoonlike informasie en die oordrag van inligting na plekke buite Suid-Afrika.

3. **LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS**

In hierdie handleiding, tensy die konteks 'n teenstrydige voorneme aandui, sal die onderstaande woorde en uitdrukkings die betekenisse hê wat daaraan toegewys is, en verwante uitdrukkings sal ooreenstemmende betekenis hê —

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | **"Calix"** | beteken Calix Inc. en Calix Networks UK Ltd; |
| 3.2 | **"Datasubjek"** | het die betekenis soos omskryf in die Wet op Beskermming van Persoonlike Inligting, waarna daar algemeen as "POPIA" (Protection of Personal Information Act.) verwys word; |
| 3.3 | **"Inligtingsbeampte"** | beteken die persoon as sodanig aangewys in klousule 4; |
| 3.4 | **"Handleiding"** | beteken die handleiding wat in hierdie dokument vervat word; |
| 3.5 | **"WBTI"** | beteken die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet Nr. 2, soos gewysig; |
| 3.6 | **"POPIA"** | beteken die Wet op Beskermming van Persoonlike Inligting (Protection of Personal Information Act,) Wet Nr. 4 van 2013; |
| 3.7 | **"Regulasies"** | beteken die regulasies wat van tyd tot tyd uitgereik word ingevolge die WBTI; |
| 3.8 | **"Reguleerder"** | beteken die inligting reguleerder van Suid-Afrika; en |
| 3.9 | **"Suid-Afrika"** | beteken die Republiek van Suid-Afrika. |

## 4. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING VAN CALIX

### 4.1 Inligtingsbeampte:

Naam: Ryan Bruton

Tel: +27 82782-7091

E-pos: Ryan.Bruton@Calix.com met 'n afskrif aan privacy@calix.com

Faksnommer: NVT

### 4.2 Algemene kontak vir toegang tot inligting:

E-pos: privacy@calix.com of DPO@calix.com

### 4.3 Hoofkantoor:

Posadres: PO Box 346, Bedfordview, Johannesburg, Gauteng 2008

Fisiese adres: Hierdie handleiding is beskikbaar op die webwerf van Calix. As jy toegang tot 'n fisiese kopie van hierdie handleiding benodig, kontak asseblief ons Inligtingsbeampte met jou versoek en ons sal help om dit aan jou beskikbaar te stel.

Telefoonnommer: +27 82782-7091

E-pos: privacy@calix.com

Webwerf: www.calix.com

## 5. GIDS WAT VERDUIDELIK HOE OM DIE WBTO TE GEBRUIK EN HOE OM TOEGANG TOT DIE GIDS TE VERKRY

5.1 Die reguleerder het, ingevolge afdeling 10(1) van WBTI, die gids bygewerk, en die hersiene gids oor die gebruik van WBTI (die "**Gids**") beskikbaar gestel in 'n formaat en op 'n manier wat maklik is om te verstaan, soos wat dit tereg deur 'n persoon aangevra mag word wat enige reg wil uitoefen wat besin word in die WBTI en

POPIA.

5.2 Die Gids is in elk van die amptelike tale van Suid-Afrika beskikbaar asook in Braille.

5.3 Lede van die publiek kan tydens kantoorure by die kantore van openbare en privaat instansies, insluitende die kantoor van die reguleerder die gids besigtig of afskrifte daarvan maak.

5.4 Die gids kan ook verkry word:

5.4.1 deur 'n versoek aan die inligtingsbeampte te rig, en

5.4.2 vanaf die webwerf van die reguleerder (**https://inforegulator.org.za/paia-guidelines/**).

5.5 'n Afskrif van die gids, in die onderstaande twee amptelike tale, is ook gedurende kantoorure vir openbare besigtiging beskikbaar:

5.5.1 Engels; en

5.5.2 Afrikaans.

## 6. PROSES EN FOOIE VIR VERSOEKE OM TOEGANG TOT INLIGTING TE VERKRY

6.1 **Versoeke deur datasubjek:** Datasubjekte het die reg om Calix te versoek om gratis te bevestig of Calix enige persoonlike inligting aangaande die datasubjek hou. Datasubjekte kan 'n versoek vir gratis bevestiging aan Calix rig met behulp van hierdie aansoekvorm (deur op die skakel te klik, sal u na TrustArc geneem word, met wie ons 'n ooreenkoms het om te help met versoeke in verband met persoonlike inligting). Indien Calix enige inligting oor 'n datasubjek hou, mag toegang tot daardie inligting onderhewig wees aan sekere fooie soos in die WBTI uiteengesit.

6.2 **Proses:** Inligtingsversoeke (verskillend van versoeke deur datasubjekte) moet gemaak word met die hulp van die voorgeskrewe vorm wat beskikbaar is op die webwerf van die reguleerder by https://inforegulator.org.za/paia-forms/, spesifiek die Versoek om Toegang tot Rekord en die Uitkoms van versoek en fooie betaalbaar. Die versoek moet die volgende inligting insluit, of sodanige inligting soos op die voorgeskrewe vorm gespesifiseer:

6.2.1 **Kontakbesonderhede:** Volle naam, posadres en e-posadres word versoek. Indien 'n versoek namens 'n ander persoon gerig word, meld dan ook: die volle naam van die ander persoon, in watter hoedanigheid die aansoek

gedoen word, en bewys van sodanige hoedanigheid (bv. volmag).

6.2.2 **Identiteitsbewys:** Met die uitsondering van datasubjek versoeke wat via Calix se privaatheid platform geverifieer sal word, moet aansoekers 'n geldige bewys van identiteit lewer.

6.2.3 **Besonderhede van dokumente aangevra:** 'n Beskrywing van die dokument en enige inligting wat vir Calix van hulp kan wees met die assessering van die versoek en die opsporing van dokumente wat op die versoek betrekking het (bv. indien inligting oor 'n persoon verlang word, moet die aansoeker motiveer waarom hulle glo dat Calix oor inligting beskik wat op daardie persoon betrekking het).

6.2.4 **Wyse van toegang tot dokumente:** Indien die aansoeker die dokument in 'n bepaalde formaat verlang weens 'n gestremdheid, moet die gestremdheid asseblief gespesifiseer word asook die verlangde formaat van die dokument.

6.2.5 **Besonderhede oor die reg wat uitgeoefen of beskerm moet word:** Dui aan watter reg uitgeoefen of beskerm word en waarom die verlangde dokument nodig is vir die uitoefening of beskerming van daardie reg.

6.3 **Fooie:** Die inligtingsbeampte aan wie 'n toegangsversoek gerig word, sal 'n kennisgewing aan die aansoeker stuur om betaling van die voorgeskrewe versoekfooi (indien toepaslik) aan te vra voordat die versoek verder verwerk sal word.

6.4 **Calix se reaksie op versoeke:** Behalwe waar die WBTI dit anders toelaat**.** Calix sal binne dertig (30) dae van ontvangs van die versoek om inligting, reageer met Calix se besluit om die versoek toe te staan of af te wys, met redes daarvoor (indien die veroek afgewys word). Indien die versoek nie binne dertig (30) dae toegestaan kan word nie en waar dit ingevolge die WBTI toegelaat word, mag Calix die reaksietyd verleng met 'n verdere dertig (30) dae en sal die aansoeker dienooreenkomstig ingelig word.

6.5 Indien 'n versoek afgewys word of indien daar geen reaksie op 'n versoek vir toegang tot rekords ontvang is nie, kan 'n klag by die reguleerder gelê word by hierdie e-posadres: paiacomplaints@inforegulator.org.za

## 7. REKORD KATEGORIEË VAN CALIX WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT IEMAND TOEGANG DAARTOE HOEF TE VERSOEK

Calix stel sekere inligting vrywillig beskikbaar op die volgende wyses. Dit kan verkry word sonder dat iemand toegang hoef te versoek of dit kan ook telefonies, per pos of per e-pos versoek word waar van toepassing:

7.1 op die Calix-webwerf: (www.calix.com);

7.2 via Calix se sosiale media platforms soos LinkedIn, Twitter, Facebook en YouTube;

7.3 tydens uitstallings;

7.4 in bemarkings- en promosiemateriaal wat algemeen beskikbaar is;

7.5 deur sy verkoopsverteenwoordigers en -kanale;

7.6 as deel van openbare indienings by regulatoriese staatsagentskappe in die Verenigde State van Amerika, soos die kantore van die Staatsekretaris van Delaware, die Staatskantoor of die Kantoor van Maatskappye [Office of Corporations];

7.7 as deel van openbare indienings by regulatoriese federale agentskappe in die Verenigde State van Amerika soos die Verenigde State van Amerika Sekuriteite en Uitruilkommissie en Patent- en Handelsmerkagentskappe; en

7.8 as deel van patent-, handelsmerk- en kopieregaansoeke wat deur Calix ingedien is en wat algemeen beskikbaar is.

## 8. REKORDBESKRYWING VAN CALIX WAT INGEVOLGE ANDER WETGEWING BESKIKBAAR IS

Waar dit van toepassing is op sy bedrywighede, hou Calix rekords en dokumente terug soos deur die onderstaande wetgewing vereis word. Indien bekendmaking nie deur die wet, regulasies, kontraktuele ooreenkomste of andersins verbied word nie, sal Calix rekords vir besigtiging beskikbaar stel soos deur die wet vereis word, met ontvangs van ‘n toepaslike versoek tot toegang en betaling van die fooie (indien vereis word).

| **Toepaslike wetgewing** |
|---|
| Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997 |
| Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, Wet 53 van 2003 |

| |
|---|
| Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, Wet 130 van 1993 |
| Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, Wet 25 van 2002 |
| Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998 |
| Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, Wet 38 van 2001 |
| Inkomstebelastingswet, Wet 58 van 1962 |
| Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995 |
| Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993 |
| Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 |
| Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 |
| Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings, Wet 9 van 1999 |
| Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Wet 34 van 1997 |
| Wet op Bydraes vir Werkloosheidsversekering, Wet 4 van 2002 |
| Wet op Werkloosheidsversekering, Wet 30 van 1996 |

## 9. BESKRYWING VAN DIE ONDERWERPE WAAROP DIE INSTANSIE REKORDS HOU ASOOK DIE KATEGORIEË VAN REKORDS WAT OOR ELKE ONDERWERP VAN CALIX GEHOU WORD

9.1 Calix hou rekords met betrekking tot onderstaande kategorië van inligting. Sekere kategorieë van informasie soos onderaan gelys, mag dalk nie toeganklik wees via ‘n toegangsversoek nie - waar gronde vir weiering soos uiteengesit in die WBTI tot so ‘n versoek van toepassing mag wees. Alle versoeke tot toegang sal op ‘n individuele grondslag beoordeel word.

9.2 Die insluiting van enige onderwerp of kategorie van rekords soos hieronder uiteengesit, kan nie geïnterpreteer word as ‘n aanduiding dat die dokumente binne daardie onderwerpe en/of kategorieë ingevolge die WBTI beskikbaar gemaak sal word nie.

| Onderwerpe wat die entiteit boekstaaf | Kategorieë van dokumente |
|---|---|
| Maatskappy Rekords | Artikels van Indeling<br>Verordeninge<br>Inligting oor Direkteure<br>Bywoning van raadsvergaderings, notules en besluite<br>Maatskappyregister<br>Aandeelhouersooreenkomste<br>Aandeelsertifikate<br>Afvaardiging van Gesag<br>Maatskappybeleid<br>Algemene korrespondensie |
| Finansiële Rekords | Finansiële state<br>Korporatiewe Belasting Rekords<br>Rekeningkundige Rekords<br>Bankstate<br>Bateregister<br>Ouditeursverslae<br>Ooreenkomste<br>Algemene korrespondensie |
| Produkontwikkeling | Kwartaallikse verbetering van produkte/opdatering van planne en rekords<br>Produkbronkode<br>Algemene korrespondensie |
| Bemarking | Bemarkingsplanne<br>Bemarkingsgeleenthede/Veldtogrekords |

| **Onderwerpe wat die entiteit boekstaaf** | **Kategorieë van dokumente** |
|---|---|
| Kliënterekords | Kontakbesonderhede<br>van kliënteverteenwoordigers<br>Kommunikasie met kliënte<br>Bestellings en rekords wat verband hou met bestellings/diensinstallering en aan-/afskakeling, onderhoud en beëindiging<br>Kliënte navrae en foutrapportering<br>Opnames van kliënte-oproepe<br>Kliëntfakture en -betalingsinligting |
| Kliënt-intekenaarsrekords | Faktuur en diens aanspraak informasie<br>Toestel telemetrie data<br>Steekproefneming van netwerkverkeersdata |
| Talent en kultuur | Persoonlike inligting van werknemers soos beskryf in die Calix werknemer privaatheid kennisgewing<br>Calix se indiensnemingsbeleid en -prosedures<br>Geadverteerde poste |
| Inligtingstegnologie Rekords | Hardeware, sagteware, wolkgebaseerde bates en infrastruktuur rekords<br>Sekuriteitsplanne en -bedrywighede<br>Stelsel-dagregisters<br>Netwerk- en toerusting gebruiksdata |
| Regmatig en regulatories | Kontrakte/ooreenkomste<br>Eise/Litigasie rekords<br>Lisensiefooi rekords<br>Persoonlike inligting rekords of prosessering aktiwiteite en assesserings |

| Onderwerpe wat die entiteit boekstaaf | Kategorieë van dokumente |
|---|---|
| | Algemene korrespondensie |

10. **VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

10.1 **Doel van die verwerking van persoonlike inligting:**

Calix verwerk persoonlike inligting vir regmatige doeleindes soos uiteengesit in die privaatheidsbeleid beskikbaar by [www.calix.com/pages/privacy-policy.html](www.calix.com/pages/privacy-policy.html)

10.2 **Beskrywing van die kategorieë van datasubjekte en die verwante inligting of kategorieë van inligting:**

| **Kategorieë van datasubjekte*** | **Persoonlike Inligting wat verwerk mag word*** |
|---|---|
| Huidige en voormalige werknemers (en gesinne/families/afhanklikes of werknemers), werksaansoekers en kontrakteurs | Kontakbesonderhede, opleiding en ondervinding in die werkplek, inligting oor voordele, prestasie inligting, opname resultate, resultate van agtergrondondersoeke, foto's (indien deur werknemer opgelaai), paspoortnommer, plek van geboorte, ras, nasionale identiteitsnommer, immigrasie status |
| Kliëntverteenwoordigers | Kontakbesonderhede, maatskappy, naam en posisie, inligting rakende gevalle/bewyse ingedien, Calix-wolkgebruikersregte en getuigskrifte, Calix-wolkgebruikersontleding, stemopnames van oproepe na Calix se kliëntedienste/tegniese dienste, webblaaierinligting en sessie-koekies, insluitend opnames in die Calix-portaal |
| Webwerfbesoekers en voornemende kliënte | Webblaaier inligting en koekies, kontakbesonderhede indien aan Calix verstrek, kommunikasie met Calix |

| **Kategorieë van datasubjekte*** | **Persoonlike Inligting wat verwerk mag word*** |
|---|---|
| Kliënte se intekenaars | Intekenaar se faktuurdata, insluitend kontakbesonderhede en rekeningbesonderhede, IP-adres, toestelinligting en koekie-inligting, diensaankoop- en verbruiksdata, steekproefneming van netwerkvloeidata (pakket-opskrifinligting), unieke identifiseerders, insigte, keuse tot onttrekking aan bemarking, en inligting oor bemarkingsveldtogte |
| Leweransiers en diensverskaffers | Kontakbesonderhede, naam en posisie, inligting oor produkte en dienste wat aan Calix gelewer word, kommunikasie met Calix |
| Regsentiteite | Naam, registrasienommer, belastinginligting, kontakbesonderhede, fisiese adres en posadres, faktuur- en betalingsbesonderhede, belastinginligting |
| **Let daarop dat die bogenoemde lyste nie allesomvattend is nie.* | |

10.3 **Ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verstrek mag word*:**

Calix mag persoonlike inligting aan die volgende kategorieë van ontvangers verstrek, afhangend van die aard van die inligting:

10.3.1 Sustermaatskappye van Calix;

10.3.2 Leweransiers en diensverskaffers;

10.3.3 Verskaffers van werknemersvoordele;

10.3.4 Ouditeurs-, rekeningkundige en regsfirmas of entiteite;

10.3.5 Verskaffers van data-bestuursdienste;

10.3.6 Tersaaklike regeringsowerhede, departemente, reguleerders; en

10.3.7 Howe, reguleerders, arbiters, bemiddelaars, of statutêre komitees wat geldige, regmatige versoeke, eise of opdragte vir inligting rig.

*Die voorafgaande lys is nie allesomvattend nie.*

10.4 **Voorgenome grensuitbreiding vloei van persoonlike inligting**

10.4.1 Calix stoor persoonlike inligting met betrekking tot Calix se werknemers en voornemende werknemers in ‘n diensverskaffer indiensnemingsplatform wat in die Verenigde State van Amerika gehuisves word.

10.4.2 Calix stoor persoonlike inligting aangaande Calix se kliënte, voornemende kliënte en webwerf besoekers in ‘n verhoudingsbestuur platform wat in die Verenigde State van Amerika gehuisves word.

10.4.3 Calix stoor persoonlike inligting met betrekking tot Calix-kliënte se intekenaars in die Calix- internasionale wolk wat deur Google Cloud Platform in Kanada bestuur word.

10.4.4 Calix handhaaf dataverwerkingsooreenkomste met alle diensverskaffers wat die persoonlike inligting van Calix of Calix se kliënte bestuur, ten einde die inligting te beskerm.

10.5 **Algemene beskrywing van inligtingsekuriteitsmaatreëls wat deur Calix ingestel moet word om die vertroulikheid, betroubaarheid en beskikbaarheid van die inligting te verseker:**

10.5.1 Om die deurlopende vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van Calix se inligting te verseker, het Calix ‘n Inligting Sekuriteit Bestuurstelsel (ISBS) implementeer, gebaseer op die beginsels van die Nasionale Instituut van Standaarde en Tegnologie se kubersekuriteitsraamwerk wat op alle Calix-werknemers en kontrakteurs met toegang tot Calix se data-omgewing (die **“Calix Enterprise**”) van toepassing is.

10.5.2 Die Calix-wolkstelsel wat alle persoonlike inligting van al die Calix-kliënte en Calix-kliënte se intekenaars vir die Calix Engagement Cloud, die Calix Service Cloud, Calix Deployment Cloud en die Calix Operations Cloud (die “**Calix Cloud**”) stoor en verwerk, gebruik ‘n ISBS en word beheer deur ‘n sekuriteitsbeleid wat op alle Calix-werknemers en -verskaffers met toegang tot die Calix-wolk van toepassing is. Die Calix-wolk word deur Google Cloud

Platform Dienste bestuur. Calix het 'n SOC 2 Tipe 2 verslag, oor beheermaatreëls wat op sekuriteit betrekking het, van 'n onafhanklike ouditeur vir die Calix-wolkstelsel ontvang. Die Calix-wolk het logiese sekuriteitsbeheermaatreëls geïmplementeer.

10.5.3 Calix het toepaslike beheermaatreëls in die volgende areas geïmplementeer om die Calix-onderneming en die Calix-wolk te beskerm: Bestuurs- en organisatoriese beheermaatreëls, werknemersekuriteit, derdepartybestuur, voorvalbestuur, veranderingsbestuur, identiteit- en toegangsbestuur, kwesbaarheidsbestuur, fisiese sekuriteit, rugsteun en veilige verwydering.

## 11. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

11.1 'n Afskrif van die Handleiding is beskikbaar:

11.1.1 by Privacy Policy (calix.com);

11.1.2 by die Calix-kantoor gedurende kantoorure;

11.1.3 aan enige persoon op versoek en met betaling van die redelike voorgeskrewe fooi; en

11.1.4 by die reguleerder op versoek.

11.2 'n Fooi vir 'n kopie van die Handleiding, soos uiteengesit in die Regulasies, is betaalbaar vir elke afskrif wat gemaak word.

## 12. OPDATERING VAN DIE HANDLEIDING

Die inligtingsbeampte sal hierdie handleiding gereeld opdateer.

***Uitgereik deur***

Signed by:
Ryan Bruton
AB80ABBAD2F7454...

Naam: Ryan Bruton
Inligtingsbeampte
Titel: Streeksverkoopsbestuurder